LAERSKOOL *Durbanville* **PRIMARY SCHOOL**

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue
Durbanville 7550

E-pos / E mail: office@durbieland.com

Omsendbrief 18/2021 17 November 2021

Geagte Ouer

DRIVE-A-THON, DONDERDAG & VRYDAG, 09 - 10 DESEMBER 2021

Laerskool Durbanville sluit weer die jaar af met ons Drive-A-Thon en pretpark wat groot pret en plesier vir oud en jonk beloof.

As gevolg van COVID-veiligheidsmaatreëls, het ons besluit om vanjaar se Drive-A-Thon oor twee dae te laat strek. Graad 6 en 7 gaan op Donderdag, 9 Desember deelneem en graad 4 en 5 op Vrydag, 10 Desember. Só skep ons nie net ‘n veiliger geleentheid vir ons leerders nie, maar skakel ons ook die gewag in rye by die pretritte en snoepie uit. Leerders wat kaartjies koop kan tot 18:00 op die betrokke dag onbeperkte ritte geniet @ R180 per leerder. Hierdie is ‘n teruggee-geleentheid aan ons leerders, sonder winsbejag. Armbande sal op die oggend van die graad se Drive-A-Thon aan alle leerders wat kaartjies gekoop het, uitgedeel word. Maak asseblief van die kontantlose D6-toep gebruik vir die aankoop van kaartjies. Stuur ‘n e-pos aan tina@durbieland indien u ‘n pretritkaartjie vir ‘n behoeftige leerder wil borg.

Leerders neem in klasverband, in spanne van drie leerders op ‘n slag, aan die kaskarresies deel. Een leerder bestuur, terwyl die ander twee die kaskar om ‘n 75m-lange baan op die rugbyveld stoot. Die klas se spanne moet mekaar aflos na elke rondte en die leerders kan in spanverband beurte maak om te bestuur. Alle leerders met vrywaringsvorms neem aan hierdie geleentheid deel. Die kaskarre word verskaf deur ‘n maatskappy wat in hierdie geleenthede spesialiseer. Die **klas wat die meeste rondtes** voltooi, sal ‘n prys ontvang. Klasse kan **volgens ‘n tema** aantrek. Wees oorspronklik, moenie kostuums gaan koop nie!

Deelname aan alle aktiwiteite is op eie risiko, alhoewel die organiseerders alles binne hulle vermoë sal doen om die veiligheid van die deelnemers te verseker. **Dit is verpligtend vir alle deelnemers om sportskoene te dra om die moontlikheid van voetbeserings te help voorkom. Dit is ook verpligtend vir alle deelnemers om die voltooide vrywaringsvorm in te handig (aangeheg). Die dra van fietsry-valhelms tydens die kaskarresies is verpligtend.** Die onderwysers sal in die klasse daarvoor reël.

Verversings en kos sal van 09:30 tot 18:00 by die sportsnoepie verkoop word.

Sluitingsdatum vir die aankoop van die kaartjies is Vrydag, 3 Desember 2021.

Waarde vir die maand:

Rooster en verdaagtye vir Donderdag en Vrydag, 9 en 10 Desember 2021:

Donderdag, 9 Desember 2021: DIE SKOOLDAG BEGIN VIR ALLE GRADE OM 07:50			
Tyd:	**08:30 tot 10:30**	**10:45 tot 12:45**	**12:45 tot 13:00**
Gr. 7	Kaskarresies	Funland-pretritte	Opruim van areas. Afslaan van gazebo's, sambrele, ens.
Gr. 6	Funland-pretritte	Kaskarresies	
Graad 4 en 5: Normale skooldag			
ALLE GRADE VERDAAG OM 13:00			
Graad 6 en 7: Onbeperkte Funland-pretritte vir leerders met bandjies van 13:00 tot 18:00			

Vrydag, 10 Desember 2021: DIE SKOOLDAG BEGIN VIR ALLE GRADE OM 07:50			
Tyd:	08:30 tot 10:30	10:45 tot 12:45	12:45 tot 13:00
Gr. 5	Kaskarresies	Funland-pretritte	Opruim van areas. Afslaan van gazebo's, sambrele, ens.
Gr. 4	Funland-pretritte	Kaskarresies	
Graad 6 en 7: Normale skooldag			
ALLE GRADE VERDAAG OM 13:00			
Graad 4 en 5: Onbeperkte Funland-pretritte vir leerders met bandjies van 13:00 tot 18:00			

Ons sien uit na 'n heerlike dag!

Durbie Aksie-groete

(Mnr.) N. van Rooyen
KOÖRDINEERDER

P. du Toit
SKOOLHOOF

DURBIES VIR ALTYD

LAERSKOOL DURBANVILLE

DRIVE-A-THON: 09 - 10 Desember 2021

Voltooi asseblief en stuur terug aan u kind se klasonderwyser voor of op Maandag, 6 Desember 2021.

VRYWARINGSVORM

Die dra van sportskoene is verpligtend. Die dra van 'n fietsry-valhelm deur die bestuurder van die kaskar is verpligtend. **Geen valhelm of sportskoene, geen deelname.**

Ek gee toestemming dat ……..…….. (naam van leerder), Gr. …..A…. op eie risiko aan alle aktiwiteite van die Drive-a-Thon deelneem.

…… ……..
HANDTEKENING: OUER/VOOG DATUM

Sel: Pa / Voog	Sel:Ma / Voog

Funland-KAARTJIES



R180 per kaartjie.

LEERDER SE NAAM	
LEERDER SE GRAAD (bv. 4A1)	
ONDERWYSER	
Merk af ✔ indien betaling deur D6-toep gemaak is.	

HULP

Indien u in die snoepie van hulp kan wees, vul asseblief die onderstaande antwoordstrokie in.

NAAM VAN OUER		**SELNR. VAN OUER**	
NAAM VAN LEERDER		**GRAAD & ONDERWYSER**	
1 uur tydgleuf tussen: **09:30 to 18:30**	**GLEUF OPSIE:**		